

ESTER (GRIEKS)

Inleiding

Die Griekse teks van *Ester* het die toevoeging van 'n belangrike teologiese moment, naamlik die eksplisiete tema: “God sorg vir sy volk”, wat ontbreek in die Hebreeuse teks van die boek. Verder ontbreek die Naam van God geheel en al in die Hebreeuse teks, hoewel die betrokkenheid van God by die gebeure met sy volk implisiet bedoel word. In die Griekse teks word die alomteenwoordigheid en voorsienigheid van God eksplisiet in die teks genoem, vandaar die talryke byvoegings tot die •Masoretiese teks van *Ester*.

Oor die presiese datering van *Ester (Grieks)* is daar geen eenstemmigheid nie, hoewel daar weinig twyfel daaroor bestaan dat dit geskryf is ná die redaksie van *Ester* (Hebreeus). Daar word algemeen aanvaar dat die optekening van *Ester* (Hebreeus) teen die einde van die Persiese of begin van die Hellenistiese tydperk (ongeveer 3de eeu vC) gedateer moet word. Die verwysing na Ptolemeus in 10:31 maak dit waarskynlik dat *Ester (Grieks)* rondom 114 vC ontstaan het.

In 10:31 word gemeld dat ene Lisimagus van Jerusalem die brief vertaal het. Die toevoeging van Mordegai se droom wek die verwagting dat die boek in Palestina ontstaan het, hoewel Aleksandrië as plek van ontstaan ook deur die tradisie as moontlikheid gestel word. Hieroor is daar egter nie eenstemmigheid nie.

Die hooftema in die boek is ongetwyfeld God se sorg en reddende optrede ten bate van sy volk. Waar Mordegai en Ester die hooffigure in die Hebreeuse teks van *Ester* is, word God as die handelende Persoon in

Ester (Grieks) beskryf. Die boek leer ons dat redding nie afhang van menslike inspanning en beplanning nie, maar deur God self bestuur en bewerk word. Die konflik tussen goed en kwaad en die oorwinning van die goeie oor die bose kan as bykomende temas in die boek aangedui word. Die feestelike drinkpartye wat deur die koning en sy amptenare gehou word te midde van die benarde situasie van die volk, skep 'n teologiese grond vir besinning oor die lot van die minderbevoorregtes, die gebrek aan empatie van die gegoedes en die sosiale vraagstuk van die kloof tussen ryk en arm.

Ester (Grieks) kan getipeer word as 'n historiese wysheidsverhaal waarin lering oor die voorsienigheid van God gegee word, die eis van 'n voorbeeldige karakter gestel word en hoë morele waardes as ideaal gekoester word vir elke gelowige om na te volg. Die boek wil God se empatie met die mens in nood onderstreep.

Die makrostruktuur bestaan uit konsentriese dele waarbinne die gebede van Mordegai en Ester as hoogtepunte van die boek funksioneer.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-11 Mordegai se droom

1:1^m — 3:15 Sameswering teen die Judeërs

4:1-17 Mordegai se versoek om hulp aan Ester

4:17^a-17^z Gebede van Mordegai en Ester

5:1-6 Besoek van Ester aan Artaxerxes

5:6 — 10:3 Ester se feesmaal en die Judeërs se oorwinning

10:3^a-3^k Verklaring van Mordegai se droom

10:3^l Slotopmerking

1

Mordegai se droom

^{1a} ^aIn die tweede jaar van die regering van Artaxerxes^b die Grote, op die eerste van die maand Nisan,^c het Mordegai, seun van Jair, seun van Simeï, seun van Kis, uit die geslag van Benjamin,^{**} 'n droom gehad. ^{1b} Hy was 'n Judese man wat in die stad Susa^d gewoon het, 'n invloedryke man wat in die paleis van die koning diens gedoen het. ^{1c} ^{*}Hy was een van die gevangenes wat Nebukadnesar,^e die koning van Babilonië, saam met Jegonja,^f die koning van Judea, uit Jerusalem in gevangenskap weggevoer het.

^{1d} ^{*}Dit was sy droom: Kyk, daar was geskreeu en rumoer, donderslae en 'n aardbewing, verwarring op die aarde. ^{*}

^{1e} ^{*}En kyk, twee groot drake het na vore gekom, albei gereed om te veg. Hulle het hard gebrul, ^{1f} en by die aanhoor van hulle gebrul het al die

^a**1:1a-r** Hierdie gedeelte (in sommige vertalings “Toevoeging A”) is ingevoeg voor EstGr 1:1s; wat ooreenstem met Est 1:1 (Hebreeus) in die OT.

^b**1:1a Artaxerxes:** In die •Septuagint staan Xerxes I (485 tot 465 vC) bekend as Artaxerxes. Xerxes is die Griekse vorm van die bekende Hebreeuse naam •Ahasveros; vgl Est 1:1.

^c**1:1a Nisan:** Die Babiloniese naam vir die eerste maand van die lentekalender, die Oudhebreuse naam was Abib; •Maande.

^{*}**1:1a Kis ... Benjamin:** 1 Sam 9:1

^{*}**1:1a Mordegai ... Benjamin:** EstGr 2:5

^d**1:1b Susa:** “Susan” in Hebreeus.

^{*}**1:1c** 2 Kon 24:8,15; Neh 7:7; EstGr 2:6

^e**1:1c Nebukadnesar:** Regeer van 605-562 vC en verower Jerusalem in 587/586 vC.

^f**1:1c Jegonja:** Sy ander naam was Jojagin; vgl 2 Kon 24:6-15.

^{*}**1:1d-k** Vgl EstGr 10:3a-k

^{*}**1:1d** Kyk ... aarde: Joël 2:1-2; Sef 1:15

^{*}**1:1e-k** Vgl Dan 7:1 — 8:26; Op 13:1-18

nasies gereedgemaak om oorlog te voer teen die regverdige nasie. ^{1g} Dit was inderdaad 'n dag van duisternis en donkerte, verdrukking en benoudheid, boosheid en groot verwarring op die aarde. ^{1h} Dit het paniek veroorsaak onder die hele regverdige nasie wat gevrees het dat die onheile hulle sal tref en hulle het hulle reggemaak om vernietig te word. Toe het hulle God aangeroep. ¹ⁱ Vanuit hulle geskreeu, soos vanuit 'n klein fontein, het 'n groot rivier ontstaan, 'n magtige watermassa. ^{1k} Toe die son opkom en dit lig word, is die geringes opgehef en het hulle die belangrikes verslind.

^{1l} Mordegai, wat hierdie droom gehad het en gesien het wat God beplan om te doen, het wakker geword en dit in sy hart bewaar. Hy wou voor die nag aanbreek, elke woord daarvan probeer verstaan.

Sameswering teen die Judeërs

^{1m} *Op 'n dag toe Mordegai besig was om in die paleis te rus saam met Gabata en Tarra, twee eunugs[§] van die koning wat as paleiswagte gedien het, ¹ⁿ het hy hulle beraadslagings gehoor, hulle planne ondersoek en agtergekom dat hulle gereed is om hulle hande te slaan aan Artaxerxes, die koning. Hy het die koning hieroor ingelig. ^{1o} Die koning het die twee eunugs deeglik ondervra, en nadat hulle dit erken het, is hulle weggelei vir teregstelling.

^{1p} *Toe het die koning hierdie gebeure laat opteken ter herinnering, en Mordegai het ook 'n verslag oor hierdie gebeure geskryf. ^{1q} Die koning het Mordegai toe opdrag gegee om in die paleis te dien en hom

* **1:1m-r** Vgl EstGr 2:19-23

§ **1:1m eunugs:** Ontmande haremopsigters of hofamptenare wat veral in 'n paleis werksaam was.

* **1:1p-q** EstGr 6:2-3; 10:2-3

geskenke as vergoeding hiervoor gegee. ^{1r} Haman, die seun van Hammedata, van Buga,* was by die koning hoog in aansien. Hy was daarop uit om Mordegai en sy volk leed aan te doen as gevolg van wat met die twee eunugs van die koning gebeur het.*

Koningin Vasti en die wet van Medië en Persië

^{1s} Hierdie dinge het gebeur in die tyd van Artaxerxes^h — dit is die Artaxerxes wat oor honderd sewe-en-twintig provinsies tot in Indië regeer het. ² Juis in dié tyd, toe koning Artaxerxes die troon vir die eerste maal bestyg het in die stad Susa,ⁱ ³ in sy derde regeringsjaar, het hy 'n fees gehou vir sy Vriende^j en vir mense uit ander volke, die hoë amptenare in sowel Persië as Medië, en vir die leiers van die satrape.^k

⁴⁻⁵ *Hierna het die koning honderd-en-tagtig dae lank die rykdom van sy koninkryk en die prag van sy skatte waarin hy hom verlustig het, vir hulle ten toon gestel. Toe sy huweliksfees^l verby was, het die koning vir al die mense van die verskillende nasies wat hulle in die stad bevind het, in die binnehof van die koninklike paleis 'n fees gehou wat ses dae lank geduur het.* ⁶ Die koninklike paleis was versier met fyn geweefde linne en katoen, styf gespan, met purper toue vas aan blokke van goud

* **1:1r Haman ... Buga:** EstGr 3:1; 9:10

* **1:1r wat met ... het:** EstGr 1:1m-o

^h**1:1s Artaxerxes:** Vgl voetnoot by EstGr 1:1a.

ⁱ**1:2 Susa:** Vgl voetnoot by EstGr 1:1b.

^j**1:3 Vriende:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

^k**1:3 satrape:** Verteenwoordigers van die Persiese koning in die satrapieë (provinsies) van sy ryk.

* **1:4-5** Vgl Dan 5:14

^l**1:4-5 huweliksfees:** Dit het gewoonlik 7 dae geduur, maar kon tot 14 dae aanhou.

* **1:4-5 Toe ... geduur het:** EstGr 2:18

en silwer op pilare van marmer en graniet. Daar was goue en silwer rusbanke op die vloer, wat geplavei was met smaragde, perlemoen en marmer, bedek met deursigtige oortreksels en geborduur met kleurryke blomme, en met rose rondom bestrooi. ⁷ Daar was bekere van goud en silwer, en ook 'n klein bekertjie van karbonkel is vertoon wat minstens dertigduisend talent^m werd was. Daar was ook baie soetwyn, van dié wat die koning gewoonlik self gedrink het. ⁸ Hierdie drinkparty was nie volgens vaste reëls nie; die koning het so besluit en sy huisbestuurders opdrag gegee om sy wense en dié van die gaste uit te voer. ⁹ Ook Vasti, die koningin, het 'n drinkparty gehou vir die vroue in die koninklike paleis waar koning Artaxerxes teenwoordig was. ¹⁰ * Op die sewende dag, toe die koning baie vrolik begin word het, het hy vir Haman, * Basan, Tarra, Boraze, Zatole, Abataza en Taraba, die sewe eunugsⁿ wat Artaxerxes se persoonlike dienaars was, opdrag gegee ¹¹ om die koningin na hom te bring, sodat hy haar as koningin kon voorstel en vir haar die koninklike diadeem^o kon aansit, en sodat hy aan al die hoë amptenare en die mense van die verskillende nasies haar skoonheid kon wys, want sy was mooi. ¹² Vasti, die koningin, het egter nie aan sy bevel gehoor gegee om saam met die eunugs te gaan nie. Hieroor was die koning seergemaak en het hy woedend geword. ¹³ Hy sê toe vir sy vertrouelinge: “Dit is wat Vasti gesê het. Oordeel julle oor hierdie saak en neem 'n besluit.”

^m**1:7 30 000 talent:** Die grootste geldeenheid, 30 000 talent was 'n onvoorstelbaar groot bedrag; •Geldeenhede.

***1:10 EstGr 2:18**

***1:10 Haman:** EstGr 1:1r; 3:1; 9:10

ⁿ**1:10 eunugs:** Vgl voetnoot by EstGr 1:1m.

^o**1:11 diadeem:** Kosbare, versierde voorhoofband as aanduiding van koninklike gesag.

¹⁴ Toe het Arkeseus, Sarsateus en Malesear — hulle was hoë amptenare van Persië en Medië, wat die naaste aan die koning was en die hoogste posisies by hom beklee het — na die koning gekom ¹⁵ en verslag gedoen oor hoe daar volgens die wet met koningin Vasti gehandel moet word, omdat sy nie gedoen het wat die koning haar beveel het deur die eunugs nie. ¹⁶ Toe sê Mugeus^p vir die koning en die hoë amptenare: “Nie alleen teen die koning het Vasti oortree nie, maar ook teen al die hoë amptenare en die leiers van die koninkryk.” ¹⁷⁻¹⁸ (Hy het trouens aan hulle in besonderhede vertel wat die koningin gesê het en hoe sy die koning teengesprek het.) Hulle was bekommerd dat,^q soos wat sy koning Artaxerxes teengesprek het, die res van die vooraanstaande vroue van die hoë amptenare van Persië en Medië, as hulle sou hoor wat sy aan die koning gesê het, dit vandag net so sal waag om hulle mans nie te eerbiedig nie. ¹⁹ “As die koning dit dan goedvind, laat daar 'n koninklike bevel uitgevaardig word en laat dit geskryf word volgens die wette van Medië en Persië,^{*} sodat niemand dit kan verander nie: dat die koningin nie langer na die koning mag inkom nie en dat die koning haar koninkryk sal gee aan 'n vrou wat beter is as sy. ²⁰ Laat die wet, watter een die koning ook al uitvaardig, deur hom bekend gemaak word in sy koninkryk, sodat al die vroue, van die armste tot die rykste, hulle eie mans sal eerbiedig.” ²¹ Toe het die woord aanklank gevind by die koning en sy hoë amptenare, en die koning het gemaak soos Mugeus gesê het. ²² Hy het briewe gestuur na al die dele van sy ryk, na elke

^p**1:16 Mugeus:** In Hebreeus “Memugan”. Hy was een van die sewe hoë amptenare van die Perse en Meders wat spesiale toegang tot die koning gehad het; vgl Est 1:14.

^q**1:17-18 Hulle was ... dat:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}**1:19 koninklike bevel ... Persië:** Vgl Dan 6:8-9

gebied volgens hulle eie taal, sodat daar ontsag vir alle mans in hulle huise kon wees.

2

Ester as koningin

¹ Ná hierdie gebeure het die woede van die koning^r bedaar, en hy het nie meer aan Vasti gedink nie, want hy het onthou wat sy gesê het en hoe hy haar veroordeel het. ² *Gevolglik het die dienaars van die koning gesê: “Laat daar vir die koning jong meisies gesoek word met 'n goeie karakter en 'n mooi figuur. ³ Die koning kan in al die provinsies van sy koninkryk* dorpsleiers aanstel dat hulle jong maagde, met 'n mooi figuur, kan uitkies vir die stad Susa^s, vir die harem, en laat hulle die maagde oorhandig aan die eunug^t van die koning, die oppasser van die vroue, en laat aan hulle skoonheidsmiddels voorsien word en die ander dinge wat hulle nodig het. ⁴ En watter vrou ook al die koning behaag, sal in die plek van Vasti heers.” En die koning was tevrede met die voorstel en hy het so gemaak.

⁵ *Daar het 'n Judese man in die stad Susa gewoon en sy naam was Mordegai, seun van Jaïr, seun van Simeï, seun van Kis, uit die stam van Benjamin. ⁶ *Hy was 'n gevangene uit Jerusalem, die stad wat

^r**2:1 koning:** Artaxerxes; EstGr 1:1a.

***2:2-4** Vgl Dan 1:3-5

***2:3 provinsies ... koninkryk:** EstGr 1:1s

^s**2:3 Susa:** “Susan” in Hebreeus.

^t**2:3 eunug:** 'n Ontmande haremopsigter of hofamptenaar wat veral in 'n paleis werksaam was.

***2:5** EstGr 1:1b

***2:6** 2 Kon 24:8,15; Neh 7:7; EstGr 1:1c

Nebukadnesar,^u die koning van Babilonië, verower het. ⁷ Hy het 'n kind in pleegsorg gehad, die dogter van Amminadab, die broer van sy vader, en haar naam was Ester. Toe haar ouers gesterf het, het Mordegai haar grootgemaak, met die oog daarop om haar vir homself as vrou te neem. Die jong meisie het 'n mooi figuur gehad. ⁸ En toe van die bevel van die koning gehoor is, is 'n groot aantal jong meisies in die stad Susa bymekaargemaak onder toesig van Gai. Ook Ester is na Gai, die oppasser van die vroue, gebring. ⁹ Die jong meisie het hom geval en sy het sy guns gewen, en hy het dadelik vir haar skoonheidsmiddels en haar porsie voedsel gegee, en ook sewe jong meisies wat uit die koninklike paleis aan haar toegewys is. Hy het haar en ook haar diensmeisies in die vrouekwartiere goed behandel. ¹⁰ *Ester het egter nie haar herkoms bekend gemaak, of haar vaderland nie, want Mordegai het haar beveel om dit nie bekend te maak nie. ¹¹ En Mordegai het elke dag deur die voorhof van die vroue gaan wandel om te kyk wat met Ester gaan gebeur. ¹² En wanneer 'n jong meisie twaalf maande se voorbereiding voltooi het, was dit haar beurt om in te gaan na die koning toe. Só word die tyd van die voorbereiding voltooi: Ses maande lank word hulle met mirre-olie,^v en daarna ses maande lank met geurige speserye en skoonheidsmiddels vir vroue gesalf, ¹³ en dan gaan sy in na die koning. Wat sy ook al vra, sal vir haar uit die harem gegee word om saam te neem na die paleis van die koning. ¹⁴ Sy het in die aand gegaan en in die oggend teruggekeer na die tweede harem wat onder toesig was van Saäsgas, die eunug van die koning en die oppasser van die

^u**2:6 Nebukadnesar:** Regeer van 605-562 vC en verower Jerusalem in 587/586 vC.

***2:10 EstGr 2:20**

^v**2:12 mirre-olie:** Welriekende soort gomhars met bitter smaak wat verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand asook in medisyne, parfuums, olies en rome gebruik.

vroue. Sy kon nie weer na die koning gaan nie, behalwe as sy by die naam geroep is.*

¹⁵ En toe die tyd aanbreek vir Ester, die dogter van Amminadab, die broer van Mordegai se pa, om in te gaan na die koning, het sy niks nagelaat van dit wat die eunug, die oppasser van die vroue, haar beveel het nie. Want Ester het steeds guns gevind by elkeen wat haar gesien het. ¹⁶ Ester het na Artaxerxes,^w die koning, ingegaan in die twaalfde maand, dit was die maand Adar,^x in die sewende jaar van sy regering. ¹⁷ Toe het die koning Ester liefgekry, en sy het meer guns gevind by hom as al die maagde. Hy het die diadeem^y vir vroue op haar hoof gesit.* ¹⁸ Daarop het die koning vir al sy Vriende^z en sy maghebbers sewe dae lank 'n fees aangebied, en sodoende die huwelik met Ester gevier;* hy het ook skuld vir die mense onder sy regering afgeskryf.

Ontdekking van 'n tweede komplot

¹⁹*Mordegai het diens gedoen aan die koninklike hof. ²⁰*Ester het nog steeds nie haar vaderland bekend gemaak nie, want Mordegai het haar

*2:14 nie weer ... geroep is: EstGr 4:11

^w2:16 Artaxerxes: In die •Septuagint staan Xerxes I (485 tot 465 vC) bekend as Artaxerxes. Xerxes is die Griekse vorm van die bekende Hebreeuse naam •Ahasveros; vgl Est 1:1.

^x2:16 Adar: Die twaalfde maand, Februarie of Maart (Est 3:7); •Maande.

^y2:17 diadeem: Kosbare, versierde voorhoofband as aanduiding van koninklike gesag.

*2:17 Hy ... gesit: EstGr 4:17w

^z2:18 Vriende: “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

*2:18 Daarop ... gevier: EstGr 1:4-5

*2:19-23 Vgl EstGr 1:1m-o

*2:20 EstGr 2:10

beveel om God so te vrees en sy bevele te onderhou soos toe sy nog by hom gebly het. En Ester het nie haar leefwyse verander nie.*

²¹ Die twee eunugs^a van die koning, die hoofde oor die koninklike lyfwag, was verbitterd dat Mordegai bevorder is, en hulle het beplan om Artaxerxes, die koning, om die lewe te bring. ²² En die saak is onder Mordegai se aandag gebring, en hy het dit bekend gemaak aan Ester en sy het die kwessie van die komplot aan die koning geopenbaar. ²³ Toe het die koning die twee eunugs laat ondervra en hulle laat ophang, en die koning het beveel dat daar ter herinnering in die koninklike biblioteek 'n inskrywing gemaak word, ter ere van die welwillendheid van Mordegai.

3

Bevelskrif teen die Judeërs

¹ *Hierna het koning Artaxerxes^b vir Haman, die seun van Hammedata, van Buga,* vereer en bevorder; hy het die belangrikste plek onder al sy Vriende^c gekry. ² *Almal aan die hof het altyd voor hom gekniel, want so het die koning hulle beveel om te doen, maar Mordegai* het nie voor hom gekniel nie. ³ En die mense aan die hof van die koning het vir

*2:20 om God ... verander nie: Dan 1:8

^a2:21 eunugs: Vgl voetnoot by EstGr 2:3.

*3:1 EstGr 5:10; 8:2

^b3:1 Artaxerxes: In die •Septuagint staan Xerxes I (485 tot 465 vC) bekend as Artaxerxes. Xerxes is die Griekse vorm van die bekende Hebreeuse naam •Ahasveros; vgl Est 1:1.

*3:1 Haman ... Buga: EstGr 1:1r; 1:10; 9:10

^c3:1 Vriende: “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

*3:2-4 EstGr 4:17d-e

*3:2 Mordegai: EstGr 1:1

Mordegai gesê: “Mordegai, waarom is jy ongehoorsaam aan die bevel van die koning?”⁴ Elke dag het hulle met hom gepraat, maar hy het nie na hulle geluister nie. Hulle het Haman toe ingelig dat Mordegai die bevel van die koning teenstaan. Mordegai het hulle ingelig dat hy 'n Judeër^d is.⁵ Toe Haman te wete kom dat Mordegai nie voor hom kniel nie, was hy baie kwaad⁶ en het hy hom voorgeneem om al die Judeërs in Artaxerxes se koninkryk uit te roei.⁷ *In die twaalfde jaar van die regering van Artaxerxes het Haman 'n dekreet uitgevaardig en die lot gewerp oor elke dag en elke maand ten einde Mordegai se volk op 'n bepaalde dag uit te wis. Die lot het geval op die veertiende dag van die maand Adar.^{e*} ⁸ Hy het toe met koning Artaxerxes gepraat en gesê: “Daar is 'n volk wat verspreid is onder die nasies in u hele koninkryk, en hulle wette verskil van dié van al die nasies, en hulle is ongehoorsaam aan die wette van die koning.* Dit is nie in die koning se belang om hulle te verdra nie.⁹ As die koning dit goedvind, laat hy 'n dekreet uitvaardig dat hulle vernietig moet word, dan sal ek tienduisend talent^f silwer in die koning se skatkis inbetaal.”¹⁰ Die koning het toe sy seëlring afgehaal en dit in Haman se hand gegee* om die dekreet wat teen die Judeërs geskryf is, te verseël.¹¹ En die koning het vir Haman gesê: “Hou jou geld; maak met die volk wat jy wil.”

¹² Die sekretarisse van die koning is op die dertiende dag van die eerste maand ontbied en het, soos Haman beveel het, geskryf aan die

^d**3:4 Judeër:** 'n Inwoner van Juda wat in ballingskap weggevoer is.

***3:7** EstGr 8:12; 9:26

^e**3:7 Adar:** Die twaalfde maand, Februarie of Maart (Est 3:7); •Maande.

***3:7 14de ... Adar:** EstGr 3:13f; 8:12 s; 9:1,15,21; 10:3k

***3:8 Daar ... koning:** Deut 4:5-8; vgl Dan 3:8-12

^f**3:9 10 000 talent:** Die grootste geldeenheid, 10 000 talent was 'n onvoorstelbaar groot bedrag; •Geldeenhede.

***3:10 seëlring ... gegee:** Vgl Gen 41:42

bevelvoerders en die hoë amptenare in elke provinsie vanaf Indië tot Ethiopië.⁸ Daar was honderd sewe-en-twintig provinsies en hy het aan die nasies se hoë amptenare in hulle eie taal geskryf in die naam van Artaxerxes, die koning.¹³ Dit is met boodskappers deur die hele koninkryk van Artaxerxes gestuur dat die Judese volk op 'n gegewe dag van die twaalfde maand, die maand Adar, uitgewis en hulle besittings gebuit moes word.

Weergawe van die brief

^{13a} ^hHier volg 'n afskrif van die brief:

“Artaxerxes,ⁱ die groot koning, skryf die volgende aan die hoë amptenare van die honderd sewe-en-twintig provinsies, van Indië tot Ethiopië,^j en die plaaslike amptenare onder hulle gesag:

^{13b} “Nadat ek regeerder oor baie nasies en heerser oor die hele wêreld* geword het — nie hoogmoedig weens trots oor my mag nie, maar redelik en welwillend in my optrede — het ek besluit om die lewens van my onderdane altyd kalm en vredevol te maak, en om die vrede wat deur alle mense begeer word, te herstel ten einde my koninkryk vreedsaam en veilig te maak om in te reis tot by sy grense.^{13c} *Toe ek my raadgewers vra op watter manier dit verwesenlik kon word, het Haman, wat by ons uitmunt in sy goeie

⁸**3:12 Ethiopië:** Verwys nie na die huidige Ethiopië nie, maar na die gebied wat in die Ou Testament as “Kus” bekend staan. Dit is die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan (Gen 2:13).

^h**3:13a- g** Hierdie gedeelte (in sommige vertalings “Toevoeging B”) is ingevoeg tussen Est 3:13 en 3:14; vgl Est 3:8-9; 8:5-12.

ⁱ**3:13a Artaxerxes:** Vgl voetnoot by EstGr 3:1.

^j**3:13a Ethiopië:** Vgl voetnoot by EstGr 3:12.

^{*}**3:13b heerser ... wêreld:** Vgl Judit 2:5

^{*}**3:13c** EstGr 8:12c-d

oordeel en bekend is vir sy volgehoue welwillendheid en onwankelbare trou, en die tweede ereplek in die koninkryk inneem, ^{13d} * ons aandag daarop gevestig dat daar onder al die stamme in die koninkryk 'n vyandige volk verstrooi is wat in hulle wette gekant is teen elke nasie en die bevele van die konings aanhoudend ignoreer, met die gevolg dat die verenigde regering waarna ons op eerbare wyse streef, nie gevestig kan word nie.

^{13e} “* Ons verstaan dat hierdie volk, en net hulle alleen, aanhoudend in volledige verset teen almal is, dat hulle die wette ontwyk deur hulle vreemde leefwyse, kwaadgesind is teenoor ons regering en die ernstigste misdade pleeg, sodat die koninkryk nie stabiliteit kan bereik nie. ^{13f} Ons het dus opdrag gegee dat diegene wat vir julle aangedui word in die skrywe van Haman, wat oor ons sake aangestel is en ons tweede vader is, almal, saam met hulle vroue en kinders, met wortel en tak uitgeroei moet word met die swaarde van hulle vyande, sonder enige jammerte en sonder dat iemand gespaar word, op die veertiende dag van die twaalfde maand, die maand Adar,^k van die huidige jaar, ^{13g} sodat dié wat lank reeds en ook nou vyandig is, op 'n bepaalde dag met geweld kan afgaan na Hades,^l en so ons regering daarna volkome stabiel en rustig laat.”

¹⁴ In elke provinsie is afskrifte van hierdie brief uitgevaardig versprei en al die nasies is opdrag gegee om gereed te wees vir daardie dag.

***3:13d** EstGr 8:12p-q

***3:13e** Gen 45:8; Deut 7:16

^k**3:13f** Adar: Vgl voetnoot by EstGr 3:7.

***3:13f 14de dag ... Adar:** EstGr 3:7

^l**3:13g** Hades: Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdal; •Doderyk.

¹⁵ Ook in Susa^m is geen tyd verspil met die saak nie. Maar terwyl die koning en Haman partytjie gehou het, het die stad in rep en roer geraak.

4

Mordegai se versoek om hulp aan Ester

¹ Toe Mordegai* agterkom wat aan die gang is, het hy sy klere geskeur en 'n roukleed aangetrek en asⁿ oor hom gestrooi. Hy het deur die hoofstraat van die stad gehardloop en aanhoudend hardop geskreeu: “'n Volk wat niks verkeerds gedoen het nie, gaan uitgewis word!” ² Hy het tot by die poort van die koning^o gegaan en daar gaan staan, want dit was nie toelaatbaar vir hom om in rouklere en as by die voorhof in te gaan nie. ³ *In elke provinsie* waar die bevelskrif* uitgevaardig is, was daar 'n geskreeu en 'n geweeklaag en groot droefheid onder die Judeërs,^p en het hulle hulle in sak^q geklee en met as bestrooi.

⁴ Die persoonlike diensmeisies en die eunugs^r van die koningin het ingegaan en dit vir haar vertel. Sy was ontsteld toe sy hoor wat gebeur het, en het mense gestuur om Mordegai aan te trek en sy rouklere weg

^m3:15 Susa: “Susan” in Hebreeus.

*4:1 Mordegai: EstGr 1:1a

ⁿ4:1 roukleed ... as: As teken van rou, het hulle growwe klere van bokhare aangetrek en as op hulle koppe gegooi.

^o4:2 koning: Artaxerxes; EstGr 1:1a.

*4:3 EstGr 8:16-17

*4:3 elke provinsie: EstGr 3:13a

*4:3 bevelskrif: EstGr 3:13a-g

^p4:3 Judeërs: Inwoners van Juda wat in ballingskap weggevoer is.

^q4:3 sak: Vgl voetnoot by “roukleed ... as” in EstGr 4:1.

^r4:4 eunugs: Ontmante haremopsigters of hofamptenare wat veral in 'n paleis werkzaam was.

te neem, maar hy kon nie oorreed word nie. ⁵ Hierop het Ester haar eunug, Hagratus,^s wat haar bedien het, ontbied en hom gestuur om vir haar by Mordegai uit te vind wat die juiste toedrag van sake is.^t ⁷ En Mordegai het hom ingelig oor wat gebeur het, en oor die belofte wat Haman* aan die koning gemaak het van tienduisend talent^u vir die skatkis, sodat hy die Judeërs om die lewe kon bring.* ⁸ Hy het ook 'n afskrif van die brief^v wat in Susa^v uitgevaardig is, waarin hulle dood beveel word, aan hom gegee om aan Ester te toon. Verder het hy vir hom gesê om haar te versoek om in te gaan na die koning en ter wille van die volk om genade te smek en hom gunstig te stem: “Jy moet ook terugdink aan die dae toe jy 'n nederige bestaan gevoer het en hoe jy deur my grootgemaak is,* en hoe Haman, die tweede in bevel naas die koning, teen ons gepraat het om ons om die lewe te bring;* roep die Here aan* en pleit by die koning ter wille van ons om ons van die dood te red.” ⁹ En Hagratus het ingegaan na haar toe en al hierdie woorde vir haar gesê. ¹⁰ Toe sê Ester vir Hagratus: “Gaan na Mordegai en sê vir hom, ¹¹ *‘Al die nasies in die koninkryk weet dat vir enige man of vrou wat ingaan na die koning toe in sy binnehof sonder om ontbied te word,

^s4:5 Hagratus: “Hatag” in Hebreeus.

^t4:5 is: EstGr 4:6 ontbreek hierna in die belangrikste Griekse mss.

* 4:7 Haman: EstGr 1:1r; 1:10; 3:1; 9:10

^u4:7 10 000 talent: Die grootste geldeenheid, 10 000 talent was 'n onvoorstelbaar groot bedrag; •Geldeenhede.

* 4:7 belofte ... bring: EstGr 3:9

* 4:8 brief: EstGr 3:13a-g

^v4:8 Susa: “Susan” in Hebreeus.

* 4:8 hoe jy ... grootgemaak is: EstGr 2:7

* 4:8 hoe Haman ... bring: EstGr 1:1r; 3:8

* 4:8 roep ... aan: EstGr 4:17l-z

* 4:11 EstGr 2:14

daar geen redding is nie. Maar dié een na wie die koning sy goue septer* uitsteek, hy sal gered word. Ek is nie ontbied om na die koning in te gaan nie — dit is al dertig dae!”¹² Hagratus het alles wat Ester gesê het, aan Mordegai gerapporteer.¹³ En Mordegai het vir Hagratus gesê: “Gaan sê vir haar, ‘Ester, moenie vir jouself sê dat slegs jy in die koninkryk gered sal word, anders as al die Judeërs nie,¹⁴ want as jy in hierdie besondere tyd weier om te luister, sal daar van elders hulp en beskerming vir die Judeërs kom, maar jy en die huis van jou vader sal omkom. Maar wie weet of jy nie met die oog op hierdie besondere tyd koningin geword het nie?’ ”¹⁵ Toe het Ester die een wat na haar gekom het, weggestuur na Mordegai en gesê:¹⁶ * “Gaan roep die Judeërs bymekaar wat in Susa is, en vas ter wille van my. Julle moet drie dae lank, dag en nag, nie eet of drink nie; ook ek en my persoonlike diensmeisies sal vas en dan sal ek, teen die wet, ingaan na die koning, selfs al beteken dit my dood.”¹⁷ Mordegai het toe gegaan en alles gedoen wat Ester hom beveel het.

Gebede van Mordegai en Ester

^{17a w*} Terwyl Mordegai teruggedink het aan alles wat die Here gedoen het, het hy tot die Here gebid en gesê:^{17b} “Here, Here, Koning wat oor alles heers! Die ganse skepping is in u mag en daar is niemand wat U kan teenstaan wanneer U Israel wil red nie.*^{17c} *Want U het die hemel en die aarde gemaak en elke wonderlike ding onder die hemel; U is

* **4:11 goue septer:** EstGr 5:2; 8:4

* **4:16** Jes 58:5; 2 Mak 13:10-12

^w**4:17a-z** Hierdie gedeelte (in sommige vertalings “Toevoeging C”) is ingevoeg tussen Est 4:17 en 5:1; vgl Ps 3:1-9; 6:1-11; 22:1-32.

* **4:17a-i** Dan 9:1-27; Judit 9:1-14

* **4:17b Die ... red nie:** Judit 16:14

* **4:17c** 2 Kon 19:15

Here van alles en daar is niemand wat hom teen U, die Here, kan verset nie. ^{17d} U weet alles. U weet, Here, dat ek dit nie uit oormoed of hoogmoed of weens 'n sug na roem gedoen het toe ek geweier het om neer te buig voor die hoogmoedige Haman nie, want ek sou instem om sy voetsole te soen om Israel te red. ^{17e} *Maar ek het dit gedoen om nie die eer van 'n mens bo die eer van God te stel nie; ek sal my nie neerbuig voor enigiemand nie behalwe voor U, my Here; ek sal dit nie uit hoogmoed doen nie. ^{17f} *En nou, Here, God, Koning, God van Abraham, spaar u volk, want hulle kyk na ons om ons uit te wis; hulle het begeer om dié wat u erfdeel van die begin af was, te vernietig. ^{17g} Moenie u erfdeel, wat U vir Uself losgekoop het uit Egipte, ignoreer nie. ^{17h} Luister na my gebed en wees u erfdeel genadig en verander ons hartseer in vreugde sodat ons kan lewe en u Naam besing, Here. Moet ook nie die monde vernietig van dié wat U prys nie.*”

¹⁷ⁱ Die hele Israel het luidkeels uitgeroep, want die dood het hulle in die gesig gestaar.

Gebed van Ester

^{17k} Ook koningin Ester, in 'n doodstryd gewikkel, het haar toevlug tot die Here geneem. Sy het haar koninklike klere uitgetrek en 'n kleed van benouing en smart aangetrek, en in plaas van kosbare reukolie het sy haar kop met as en mis bedek. Sy het haar liggaam baie verneder, en elke liggaamsdeel wat sy in haar vreugde versier het, het sy nou met haar gekoekte hare bedek.* Sy het toe tot die Here, die God van Israel, gebid en gesê: ^{17l} “My Here, ons Koning, U is die enigste Een. Help my waar ek alleen is en geen hulp behalwe U het nie, want ek onderneem

* **4:17e-g** Eks 20:3-5; vgl Dan 3:7

* **4:17f-h** Deut 32:9; Sag 2:12; 2 Mak 1:26

* **4:17h** sodat ons ... prys nie: Ps 6:6; 115:17; Sir 17:28

* **4:17k** in plaas van ... hare bedek: EstGr 2:3,12

'n waagstuk. ^{17m} *Ek het van my geboorte af in die stam van my vader nog altyd gehoor dat U, Here, Israel uit al die nasies gekies het, en ons vaders uit al hulle voorvaders, as ewige erfdeel,* en dat U vir hulle alles gedoen het wat U beloop het. ¹⁷ⁿ *Maar nou het ons voor U gesondig en U het ons oorgelewer in die hande van ons vyande omdat ons hulle gode vereer het. U is regverdig, Here. ^{17o} *Maar nou was ons bitter slawerny nie vir hulle voldoende nie, maar hulle het smekend hulle hande op die hande van hulle gode gelê om weg te doen met die eed uit u mond, om u erfenis te verwyder, om die mond te sluit van dié wat U loof, om die heerlijkheid van u tempel en u altaar te blus, ^{17p} om die mond van die nasies te open, om die deugde van sinlose afgode te besing en ewig eer te bewys aan 'n sterflike koning. ^{17q} Here, moenie u septer oorgee aan dié wat nie bestaan nie, en laat hulle nie oor ons ondergang spot nie, maar keer hulle raad teen hulle en maak 'n voorbeeld van die een wat dit teen ons begin het. ^{17r} Dink tog aan ons, Here, maak Uself in hierdie besondere tyd van ons nood bekend, en gee my moed, Koning van die gode en Heerser oor elke mag. ^{17s} Sit 'n gepaste woord in my mond in die teenwoordigheid van die leeu en verander sy hart na haat vir die een wat teen ons veg, sodat hy en dié wat soos hy dink, ten gronde kan gaan. ^{17t} Red ons deur u hand en help my waar ek alleen staan en niemand het nie behalwe U, Here. ^{17u} *U dra kennis van alles en U weet dat ek die eerbewyse van die wetteloses haat, en die bed van onbesnedenes en elke vreemdeling^x verafsku. ^{17w} U

* **4:17m** Deut 6:20-25

* **4:17m dat U, Here ... erfdeel:** Gen 17:7-8; Deut 7:6b; Ps 105:8-11; Eseg 16:60

* **4:17n** Dan 9:11,16

* **4:17o-p** Jes 50:1 — 55:13; Judit 5:17-19; 8:18-20

* **4:17u** Deut 7:3-4; Esra 10:2; Neh 13:23-27

^x**4:17u vreemdeling:** Verwys hier na iemand wat nie 'n •Judeër was nie.

weet dat ek onder dwang verkeer, dat ek die teken van my trotse posisie wat om my kop is, verafsku op die dae wanneer ek in die openbaar verskyn. Ek verafsku dit soos 'n maanddoek*, en op die dae wat ek rus, dra ek dit nie. ^{17x} *U diensmeisie het ook nie Haman se maaltyd geëet of die koning se drinkparty geniet of die wyn van plengoffers^y gedrink nie. ^{17y} U diensmeisie het van die dag toe haar omstandighede verander het tot nou toe geen vreugde geken nie, behalwe in U, Here, die God van Abraham. ^{17z} God wat mag het oor alles, luister tog na die stem van mense wat geen hoop meer het nie, en verlos ons uit die hand van die booswigte. Ja, verlos my van my ang.

5

Besoek van Ester aan Artaxerxes

¹ Op die derde dag, toe sy ophou bid het, het sy haar gebedsklere uitgetrek en haar koninklike klere aangetrek.* ^{1a} ^zSy was stralend, en nadat sy die alsiende God en Redder aangeroop het,* het sy twee diensmeisies saam met haar geneem. Op die een het sy liggies geleun, en die ander een het gevolg en haar sleep gedra. ^{1b} Sy was blosend, op die toppunt van haar skoonheid, en sy was vriendelik soos een wat opgewek is, maar haar hart het saamgetrek van vrees. ^{1c} Sy het deur al

* **4:17w maanddoek:** Lev 15:19-24

* **4:17x** Dan 1:8-16

^y**4:17x plengoffers:** Ook drankoffer, dit is 'n offer aan die gode van 'n vloeistof (gewoonlik wyn of bloed) wat oor 'n altaar of oor die vloer gegiet word.

* **5:1 het sy ... aangetrek:** EstGr 4:17k

^z**5:1a-2b** Hierdie gedeelte (in sommige vertalings “Toevoeging D”) is ingevoeg tussen Est 5:1 en 5:3.

* **5:1a nadat ... aangeroop het:** EstGr 4:17l-z

die deure gegaan en voor die koning^a gaan staan. Hy het op sy koninklike troon gesit en hy het sy volle glansryke ampsgewaad aangehad. Hy was oordek met goud en edelstene, en het vreesaanjaend voorgekom. ^{1d} Hy het opgekyk, gloeiend van mag, en haar met intense woede aangekyk. Die koningin het gestruikel en het van duiseligheid van kleur verander en ineengesak* teen die kop van die diensmeisie wat voor haar geloop het. ^{1e} Maar God het die gemoed van die koning na sagtheid verander, en hy het bekommerd van sy troon opgespring en haar in sy arms geneem, totdat sy kalm was. Hy het haar met vriendelike woorde getroos en vir haar gesê: ^{1f} “Wat is dit, Ester? Ek is jou broer,^b skep moed! Jy sal beslis nie sterf nie, want ons wet geld net vir die gewone mense. Kom nader!” ² Hy lig toe die goue septer* en lê dit op haar nek, omhels haar en sê: “Praat met my.” ^{2a} *Toe sê sy vir hom: “Heer, u het vir my gelyk soos 'n engel van God, en my hart was ontsteld van vrees vir u majesteit. Want u is wonderlik, heer, en u gesig is vol genade.” ^{2b} Terwyl sy besig was om te praat, het sy van duiseligheid inmeakaargesak,* en die koning was ontsteld, en al die dienaars van die koning het haar probeer bemoedig. ³ Die koning sê toe: “Wat wil jy hê, Ester? Wat is jou versoek? Al is dit selfs die helfte van my koninkryk, dit sal joune wees.”* ⁴ Toe sê Ester: “Dit is vandag vir my 'n besondere dag. As die koning dink dit is goed, laat hy en Haman* na die feesmaal kom wat ek vandag gaan voorberei.” ⁵ En die koning het

^a5:1c koning: Artaxerxes; EstGr 1:1a.

*5:1d het van ... ineengesak: EstGr 5:2b

^b5:1f broer: Dui hier op vertrouwdheid tussen getroudes.

*5:2 goue septer: EstGr 4:11; 8:4

*5:2a 2 Sam 14:17,20

*5:2b het ... inmeakaargesak: EstGr 5:1d

*5:3 Wat wil ... wees: EstGr 5:6; 7:2; 9:12; Mark 6:23

*5:4 Haman: EstGr 1:1r; 1:10; 3:1; 9:10

gesê: “Laat gou vir Haman haal sodat ons kan doen wat Ester gevra het.” Beide het na die onthaal gekom waarvan Ester gepraat het.

Ester se feesmaal en die Judeërs se oorwinning

⁶Tydens die feesmaal het die koning vir Ester gesê: “Wat is dit, koningin Ester? Alles wat jy vra, sal joune wees.” ⁷ En sy het gesê: “My vraag en my versoek is, ⁸ as ek guns by die koning gevind het, laat die koning en Haman môre na my feesmaal kom wat ek vir hulle sal voorberei, en môre sal ek dieselfde as vandag doen.” ⁹ Haman het toe baie bly en jubelend van die koning af weggegaan, maar toe Haman vir Mordegai* die Judeër^c in die voorhof sien, was hy baie kwaad.

Haman se plan

¹⁰*Toe hy tuiskom, het hy sy vriende en sy vrou Susara geroep ¹¹ en vir hulle vertel van sy rykdom en die eer wat die koning aan hom bewys het, dat hy hom in die belangrikste posisie in die koninkryk aangestel het om dit te bestuur. ¹² Haman het gesê: “Die koningin het vir die feesmaal niemand anders genooi as vir my en die koning nie. Ook vir môre se fees is ek genooi. ¹³ Maar solank ek Mordegai die Judeër^d in die voorhof bly sien, maak niks van hierdie dinge my gelukkig nie.” ¹⁴ Toe het sy vrou Susara en die vriende vir hom gesê: “Laat daar vir jou 'n houtpaal van vyftig el^e gesny word, praat môreoggend vroeg met die koning en laat Mordegai aan die houtpaal gehang word.^f En gaan jy

***5:9 Mordegai:** EstGr 1:1a

^c**5:9 Judeër:** 'n Inwoner van Juda wat in ballingskap weggevoer is.

***5:10-11** EstGr 6:13

^d**5:13 Judeër:** Vgl voetnoot by EstGr 5:9.

^e**5:14 50 el:** Ongeveer 22,5 m; •Lengtemate.

^f**5:14 houtpaal ... word:** Die oortreder is waarskynlik gedood, daarna is sy arms en bene gebreek voordat 'n skerp paal in die buik en borsholte van die lyk gesteek en dan in die grond geplant is.

saam met die koning na die feesmaal en gaan geniet dit.” Haman het gehou van wat hulle sê, en die houtpaal is gereedgemaak.

6

Eer vir Mordegai

¹ *Die Here het daardie nag die slaap van die koning^g weggeneem, en hy het sy leermeester gevra om die •boekrol met die dagkronieke in te bring om vir hom daaruit te lees. ² Hy het die deel uit die boekrol wat oor Mordegai* geskryf is, gekry — oor hoe hy aan die koning gerapporteer het oor die twee eunugs^h van die koning toe hulle die paleis bewaak het en hulle hande aan Artaxerxesⁱ wou slaan. ³ *Toe vra die koning: “Watter eer of guns het ons aan Mordegai bewys?” En die dienaars van die koning het gesê: “U het niks vir hom gedoen nie.” ⁴ Terwyl die koning besig was om navraag te doen oor die guns wat Mordegai aan hom bewys het, was Haman* juis op daardie oomblik in die voorhof. Toe vra die koning: “Wie is in die voorhof?” Haman het ingekom om die koning te vra om Mordegai te hang aan die houtpaal wat hy gereedgemaak het. ⁵ Die dienaars van die koning sê toe: “Kyk, Haman staan in die voorhof.” En die koning sê: “Roep hom.” ⁶ Die koning sê toe vir Haman: “Wat moet ek vir 'n man doen aan wie ek eer

* **6:1-3** EstGr 2:21-23; vgl EstGr 1:1*m-p*

^g**6:1 koning:** Artaxerxes; EstGr 6:2.

* **6:2 Mordegai:** EstGr 1:1*a*

^h**6:2 eunugs:** Ontmande haremopsigters of hofamptenare wat veral in 'n paleis werksaam was.

ⁱ**6:2 Artaxerxes:** In die •Septuagint staan Xerxes I (485 tot 465 vC) bekend as Artaxerxes. Xerxes is die Griekse vorm van die bekende Hebreëuse naam •Ahasveros; vgl Est 1:1.

* **6:3** EstGr 1:1*q*

* **6:4 Haman:** EstGr 1:1*r*; 1:10; 3:1; 9:10

wil bewys?” Haman het by homself gedink: “Aan wie wil die koning eer bewys behalwe aan my?” ⁷ Hy het vir die koning gesê: “Die man aan wie die koning eer wil bewys — ⁸ *die knegte van die koning moet fyn linneklere bring wat die koning dra, en 'n perd waarop die koning ry, ⁹ en die koning moet dit gee aan een van die vername Vriende van die Koning,^j en hy moet die man vir wie die koning liefhet, deftig klee en hom op die perd help en hy moet regdeur die breë straat van die stad uitroep en sê, ‘So sal gedoen word aan elke man aan wie die koning eer wil bewys!’ ” ¹⁰ Toe het die koning vir Haman gesê: “Soos jy gesê het, doen so aan Mordegai die Judeër,^k wat diens doen in die voorhof van die paleis; nie 'n woord van wat jy gesê het, moet agterweë bly nie.” ¹¹ Haman het toe die klee en die perd geneem en Mordegai deftig geklee, en hy het hom op die perd gehelp en deur die breë straat van die stad gegaan en aanhoudend uitgeroep en gesê: “So sal gedoen word aan elke man aan wie die koning eer wil bewys!” ¹² Mordegai het teruggegaan na die voorhof, en Haman het teruggekeer na sy eie huis, ontsteld en met bedekte hoof.* ¹³ *Haman het vir sy vrou Susara^l en sy vriende vertel wat gebeur het, en sy vriende en vrou het vir hom gesê: “As Mordegai uit die geslag van die Judeërs is, is dit die begin van jou vernedering voor hom en sal jy beslis tot 'n val kom. Jy sal sekerlik nie in staat wees om jou teen hom te verdedig nie, want die lewende God is met hom.” ¹⁴ Terwyl hulle nog besig was om te praat, kom die eunugs

***6:8-9** Vgl Gen 41:42-43

^j**6:9 Vriende ... Koning:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

^k**6:10 Judeër:** 'n Inwoner van Juda wat in ballingskap weggevoer is.

***6:12 met ... hoof:** Vgl 2 Sam 15:30

***6:13** EstGr 5:10-11

^l**6:13 Susara:** “Seres” in Hebreeus.

aan om Haman gou na die feesmaal wat Ester voorberei het, te bring.*

7

Haman se val

¹ Die koning^m en Haman* het ingegaan om saam met die koningin te drink. ² Op die tweede dag van die drinkparty sê die koning vir Ester: “Wat is dit, koningin Ester, en wat is jou vraag en wat is jou versoek? Dit sal joune wees, selfs die helfte van my koninkryk.”* ³ Sy het geantwoord: “As ek guns gevind het voor die koning, laat my leweⁿ gespaar word as ek dit vra, en my volk as ek dit versoek.* ⁴ Want ek en my volk is uitgelewer aan vernietiging, plundering en slawerny, en ons en ons kinders is verkoop as slawe en slavinne* — dit het ek terloops gehoor. Die lasteraar verdien tog nie die voorhof van die koning nie.” ⁵ Toe vra die koning: “Wie is die een wat gewaag het om hierdie ding te doen?” ⁶ En Ester sê: “'n Vyandige man, Haman, hy is dié bose man.” En Haman was verskrik voor die koning en koningin. ⁷ Die koning het van die drinkparty opgestaan en in die tuin ingegaan, maar Haman het die koningin aanhou smee, want hy het gesien dat hy in die moeilikheid is. ⁸ Die koning het uit die tuin teruggekom terwyl Haman nog op die rusbank lê en die koningin smee. Die koning het gesê: “O so, rand jy ook my vrou aan in my eie huis?” Toe Haman dit hoor, het sy gesig

*6:14 feesmaal ... bring: EstGr 5:8

^m7:1 koning: Artaxerxes; EstGr 6:2.

*7:1 Haman: EstGr 1:1r; 1:10; 3:1; 9:10

*7:2 Wat is dit ... koninkryk: EstGr 5:3,6; 9:12; Mark 6:23

ⁿ7:3 lewe: Letterlik ‘siel’. Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

*7:3 my volk ... versoek: EstGr 4:8

*7:4 my volk ... slavinne: EstGr 1:1r; 3:5-6; 3:13d-f

vertrek. ⁹ En Bugatan, een van die eunugs^o van die koning, het gesê: “Kyk, Haman het ook 'n houtpaal gereedgemaak vir Mordegai,* wat ten gunste van die koning gepraat het, en die houtpaal van vyftig el^p is by Haman se huis opgerig.”* En die koning het gesê: “Laat hy daaraan gekruisig word!” ¹⁰ Haman is toe gehang aan die houtpaal^q wat hy vir Mordegai gereedgemaak het.* Toe het die woede van die koning bedaar.

8

¹ *Daardie selfde dag het koning Artaxerxes^r alles wat aan die lasteraar Haman* behoort het aan Ester geskenk. Mordegai* is deur die koning ontbied, want Ester het bekend gemaak dat hy familie van haar is.* ² Die koning het die ring wat hy van Haman weggeneem het, gevat en dit vir Mordegai gegee,* en Ester het Mordegai oor alles wat aan Haman behoort het, aangestel.*

^o**7:9 eunugs:** Ontmante haremopsigters of hofamptenare wat veral in 'n paleis werksaam was.

***7:9 Mordegai:** EstGr 1:1a

^p**7:9 50 el:** Ongeveer 22,5 m; •Lengtemate.

***7:9 Kyk ... opgerig:** EstGr 5:14

^q**7:10 gehang ... houtpaal:** Die oortreder is waarskynlik gedood, daarna is sy arms en bene gebreek voordat 'n skerp paal in die buik en borsholte van die lyk gestee en dan in die grond geplant is.

***7:10 Haman ... gereedgemaak het:** EstGr 8:12r; 9:10,14; Matt 7:2

***8:1-7** EstGr 3:12-14

^r**8:1 Artaxerxes:** In die •Septuagint staan Xerxes I (485 tot 465 vC) bekend as Artaxerxes. Xerxes is die Griekse vorm van die bekende Hebreeuse naam •Ahasveros; vgl Est 1:1.

***8:1 Haman:** EstGr 1:1r; 1:10; 3:1; 9:10

***8:1 Mordegai:** EstGr 1:1a

***8:1 familie ... is:** EstGr 2:7

***8:2 ring ... gegee:** EstGr 3:10

***8:2 alles ... aangestel:** Spr 13:22; 26:27; EstGr 3:1; 5:10; vgl Dan 2:48-49

Bevelskrif ten gunste van die Judeërs

³ Sy het weer met die koning gepraat en voor sy voete neergeval en hom gesmeek* om die boosheid van Haman ongedaan te maak en so ook alles wat hy teen die Judeërs^s wou doen.* ⁴ Die koning het sy goue septer* na Ester uitgesteek, en Ester het opgestaan om langs die koning te gaan staan ⁵ en Ester het gesê: “As u dit goeddink en as ek guns by u gevind het, laat bevelskrifte gestuur word om die bevelskrifte te herroep wat deur Haman opgestel is en wat bepaal dat die Judeërs wat in u koninkryk is, doodgemaak moet word.* ⁶ Want hoe sal ek die leed van my volk kan aanskou? Hoe sal ek veilig kan wees terwyl my vaderland vernietig word?” ⁷ Die koning sê toe vir Ester: “As ek al die besittings van Haman vir jou gegee en ek 'n guns aan jou bewys het deur hom aan die houtpaal te laat hang omdat hy die Judeërs wou uitmoor, wat vra jy dan nog? ⁸ *Skryf julle dan ook in my naam 'n bevelskrif* soos julle goeddink en verseël dit met my ring. Want alles wat op bevel van die koning geskryf word en met my ring verseël is, mag nie teengegaan word nie.” ⁹ Die sekretarisse is ontbied in die eerste maand, dit is Nisan,^t op die drie-en-twintigste dag van dieselfde jaar. Aan die Judeërs is alles geskryf wat hy die administrateurs en satrape^u van die provinsies beveel het, vanaf

*8:3 koning ... gesmeek: EstGr 4:8; 7:3

^s8:3 Judeërs: Inwoners van Juda wat in ballingskap weggevoer is.

*8:3 boosheid ... wou doen: EstGr 1:1r; 3:5-6; 3:13d-f

*8:4 goue septer: EstGr 4:11; 5:2

*8:5 bevelskrifte te ... word: EstGr 3:13a-g

*8:8 Dan 6:8; EstGr 1:19; 3:10

*8:8 bevelskrif: EstGr 8:12a-13

^t8:9 Nisan: Die Babiloniese naam vir die eerste maand van die lentekalender, die Oudhebreuse naam was Abib; •Maande.

^u8:9 satrape: Verteenwoordigers van die Persiese koning in die provinsies van sy ryk.

Indië tot Ethiopië,^v honderd sewe-en-twintig provinsies, gebied vir gebied in hulle eie taal. ¹⁰ Dit is in opdrag van die koning geskryf en is verseël met sy ring, en hulle het die bevelskrifte met briefdraers uitgestuur ¹¹ — dat hy die Judeërs beveel om hulle eie wette in elke stad toe te pas en hulleself te verdedig en teen hulle vyande en hulle teenstanders op te tree soos hulle wil, ¹² op een dag in die hele koninkryk van Artaxerxes: die dertiende dag van die twaalfde maand, dit is Adar.^w

Weergawe van die tweede brief

^{12a} ^xDie afskrif van die brief lui soos volg:

^{12b} “Die groot koning Artaxerxes^y

“aan die hoë amptenare van die lande, aan die honderd sewe-en-twintig provinsies, van Indië tot Ethiopië,^z en dié wat ons belange op die hart dra.

“Gegroet.

^{12c} “Baie mense wat onophoudelik vereer word as gevolg van die uiterste goedgunstigheid van hulle weldoeners, het hoogmoedig geword en probeer om nie net ons onderdane leed aan te doen nie, maar beraam selfs planne teen hulle eie weldoeners, omdat hulle nie in staat is om hulle oordadigheid te beteuel nie. ^{12d} Hulle neem nie net dankbaarheid van mense weg nie, maar is aanstellerig as gevolg van die gespog van mense vir wie goedheid geen betekenis

^v**8:9 Ethiopië:** Verwys nie na die huidige Ethiopië nie, maar na die gebied wat in die Ou Testament as “Kus” bekend staan. Dit is die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan (Gen 2:13).

^w**8:12 Adar:** Die twaalfde maand, Februarie of Maart (Est 3:7); •Maande.

^x**8:12a-x** Hierdie gedeelte (in sommige vertalings “Toevoeging E”) is ingevoeg tussen Est 8:12 en 8:13; vgl Est 3:8-9; 8:15-17.

^y**8:12b Artaxerxes:** Vgl voetnoot by EstGr 8:1.

^z**8:12b Ethiopië:** Vgl voetnoot by EstGr 8:9.

het nie, en dink dat hulle die geregtigheid van God, wat alles waarneem en sonde haat, kan ontvlug. ^{12e} En dikwels het ook hulle wat in gesagsposisies geplaas is, deur die aanstigting van vriende aan wie die administrasie van openbare sake toevertrou is, medepligtig geraak aan die vergieting van onskuldige bloed en betrokke geraak by onomkeerbare rampspoede. ^{12f} So het hierdie vriende, deur valsheid en 'n slegte ingesteldheid, heersers mislei en hulle suiwer bedagsaamheid ondergrawe. ^{12g} Dit is duidelik te sien, nie soseer uit die verhale van die verlede soos ons dit oorgelewer het nie, maar wel uit dit wat ons voor oë het, te wete dinge wat op 'n onheilige wyse deur 'n plaag van onwaardige amptenare gedoen is.

^{12h} “Daarom moet ons ook ag slaan op die toekoms — dat ons die koninkryk kalm en vreedsaam vir alle mense inrig, ¹²ⁱ deur veranderinge deur te voer, en die sake wat onder ons aandag kom, altyd op 'n uiters regverdige wyse te beoordeel.^a ^{12k} Want so is Haman, die seun van Hammedata, 'n Macedoniër, wat in der waarheid nie Persiese bloed gehad het nie en heeltemal van ons verskil wat goedheid betref, gasvry deur ons ontvang. ^{12l} En hy het die goedgesindheid wat ons teenoor elke nasie het, in so 'n mate geniet dat hy as ons vader verklaar is en steeds deur almal vereer is as tweede persoon naas die koninklike troon.* ^{12m} Maar hy kon sy hoogmoed nie beteuel nie, en het probeer om ons van soewereiniteit en van die lewe te beroof. ¹²ⁿ Met 'n ingewikkelde plan van bedrog het hy die vernietiging geëis van Mordegai, ons redder en konstante weldoener, asook van Ester, die een wat as blaamlose deel het aan die koninkryk, en van hulle hele volk saam

^a8:12i beoordeel: EstGr 8:12j ontbreek hierna in die belangrikste Griekse mss.

*8:12l dat hy as ... troon: EstGr 3:1; 3:13f

met hulle. ^{12o} Want met hierdie metodes het hy bedoel om ons te isoleer en die heerskappy van die Perse na die Macedoniërs oor te dra. ^{12p} *Maar ons vind dat die Judeërs^b wat deur dié opperste misdadiger aan uitwissing oorgelewer is, nie misdadigers is nie, maar deur baie regverdige wette regeer word, ^{12q} en dat hulle kinders is van die allerhoogste, grootste, lewende God wat die koninkryk vir ons en ons voorvaders bewaar in die allerbeste toestand. ^{12r} Daarom sal julle goed doen as julle die bevelskrifte ignoreer wat deur Haman, die seun van Hammedata, uitgestuur is, omdat hy wat dit gedoen het, saam met sy hele huishouding by die poorte van Susa^c gekruisig is. * God, wat oor alles regeer, het vinnig vir hom die gepaste vonnis gegee. ^{12s} Julle moet openlik op elke plek afskrifte van hierdie brief bekend maak, dat die Judeërs toegelaat word om hulle eie wette te volg, en julle moet hulle help sodat hulle in die besondere tyd van verdrukking hulleself teen dié wat hulle aanval, kan verdedig, op hierdie dag, die dertiende dag van die twaalfde maand, Adar.^{d*} ^{12t} Want hierdie dag het God, wat oor alles heers, vir hulle vreugdevol gemaak in plaas van 'n dag van vernietiging van sy uitverkore volk. ^{12u} Julle moet dus ook onder julle gedenkfeeste dié belangrike dag vier met groot feestelikheid, sodat dit sowel nou as hierna 'n redding vir ons en die welwillende Perse kan wees, maar vir dié wat planne teen ons

* **8:12p-q** EstGr 3:3d-g; vgl Dan 4:34-37

^b**8:12p** Judeërs: Vgl voetnoot by EstGr 8:3.

^c**8:12r** Susa: “Susan” in Hebreeus.

* **8:12r** omdat ... gekruisig is: Est 7:10; EstGr 9:10,14

^d**8:12s** Adar: Vgl voetnoot by EstGr 8:12.

* **8:12s** 13de dag ... Adar: EstGr 3:7,13f; 9:1,15,21; 10:3k

beraam, 'n herinnering aan vernietiging.^{e 12x} Daarom sal elke stad en gebied wat nie hiervolgens optree nie, sonder uitsondering, met woede deur spies en vuur verteer word, en nie alleen onbegaanbaar vir mense wees nie, maar vir alle tye ook uiters haatlik vir wilde diere en voëls.¹³ Die afskrifte moet sigbaar in die hele koninkryk bekend gemaak word, sodat al die Judeërs gereed kan wees vir hierdie dag om teen hulle vyande te veg.”

¹⁴ Die perderuiters het toe haastig vertrek om die koning se bevele uit te voer, en die beveldskrif is ook in Susa uitgevaardig.

Blydschap oor uitkoms

¹⁵ Mordegai het die paleis verlaat, deftig geklee in 'n koninklike gewaad en met 'n goue kroon en 'n diadeem^f van purper linne. Toe die inwoners van Susa dit sien, was hulle verheug.¹⁶ *Vir die Judeërs^g was daar lig en feesviering.¹⁷ In elke stad en gebied, waar ook al die beveldskrif uitgevaardig is, en waar ook al die proklamasie bekend gemaak is, was daar blydschap en vreugde vir die Judeërs, 'n uitgelate feestelikheid en vreugde. En uit vrees vir die Judeërs het baie van die nasies hulle laat besny en soos Judeërs geleef.

^e**8:12u vernietiging:** EstGr 8:12v-w ontbreek hierna in die belangrikste Griekse mss.

^f**8:15 diadeem:** Kosbare, versierde voorhoofband as aanduiding van koninklike gesag.

***8:16-17** EstGr 4:3

^g**8:16 Judeërs:** Vgl voetnoot by EstGr 8:3.

9

Judeërs se oorwinning

¹ Toe, in die twaalfde maand, op die dertiende dag van die maand, dit is Adar,^{h*} het die bevelskrifte^{*} wat deur die koningⁱ geskryf is, aangekom. ² Juis op dié dag het die teenstanders van die Judeërs^j omgekom, want uit vrees vir die Judeërs het niemand teen hulle weerstand gebied nie. ³ Want die hoë amptenare van die provinsies^{*} en vorste en koninklike sekretarisse het die Judeërs gerespekteer, omdat vrees vir Mordegai^{*} hulle beetgepak het. ⁴ Dit het immers so gebeur dat die bevelskrif van die koning deur die hele koninkryk bekend geword het.^k ⁶ In die stad Susa^l het die Judeërs vyfhonderd mans om die lewe gebring, ⁷ onder andere vir Farsandata, Delfon en Fasga, ⁸ Fardata, Barea en Sarbaga, ⁹ Marmasima, Arufeus, Arseus en Zabuteus. ¹⁰ Hulle was die tien seuns van Haman, die seun van Hammedata, van Buga,^{*} die vyand van die Judeërs, en die Judeërs het hulle van hulle besittings gestroop. ¹¹ Juis op dié dag is die getal van hulle wat in Susa omgekom het, aan die koning bekend gemaak. ¹² En die koning het vir Ester gesê: “Die Judeërs het in die stad Susa vyfhonderd mans om die lewe gebring. En in die

^h9:1 Adar: Die twaalfde maand, Februarie of Maart (Est 3:7); •Maande.

^{*}9:1 13de dag ... Adar: EstGr 3:7,13f; 8:12s; 9:15,21; 10:3k

^{*}9:1 bevelskrifte: EstGr 8:2a-13

ⁱ9:1 koning: Artaxerxes; EstGr 9:20.

^j9:2 Judeërs: Inwoners van Juda wat in ballingskap weggevoer is.

^{*}9:3 provinsies: EstGr 1:1s

^{*}9:3 Mordegai: EstGr 1:1a

^k9:4 geword het: EstGr 9:5 ontbreek hierna in die belangrikste Griekse mss.

^l9:6 Susa: “Susan” in Hebreeus.

^{*}9:10 Haman ... Buga: EstGr 3:1

omstreke — wat dink jy het hulle daar gedoen? Wat eis jy nog? Dit sal vir jou gegee word.*”¹³ Ester het vir die koning gesê: “Laat die Judeërs toe om ook môre net so voort te gaan, sodat hulle die tien seuns van Haman kan hang.^m”¹⁴ *Hy het toegelaat dat dit so gebeur en het die liggame van die seuns van Haman aan die Judeërs in die stad oorhandig om dit op te hang.¹⁵ Die Judeërs in Susa het op die veertiende van Adar bymekaargekom en driehonderd mans doodgemaak, maar hulle het niks geplunder nie.¹⁶ En die res van die Judeërs wat in die koninkryk was, het bymekaargekom en hulleself verdedig, en hulle het rus gehad van hulle vyande, want hulle het op die dertiende van Adar vyftienduisend van hulle om die lewe gebring, maar niks geplunder nie.¹⁷ Op die veertiende dag van dieselfde maand het hulle gerus, en hulle het dit altyd as 'n rusdag gevier, met blydskap en vreugde.¹⁸ Die Judeërs in die stad Susa het op die veertiende bymekaargekom, maar nie gerus nie, en het altyd die vyftiende met blydskap en vreugde gevier.¹⁹ Om dié rede vier die Judeërs wat in al die buitelandse gebiede verstrooi is, met vreugde die veertiende van Adar as 'n feesdag,ⁿ en elkeen van hulle stuur porsies voedsel vir hulle bure. Maar die inwoners van die hoofstede vier die vyftiende dag van die maand Adar as 'n fees en 'n feesdag, en almal stuur porsies vir hulle bure.

Instelling van die Purimfees

²⁰ Mordegai het hierdie gebeure in 'n •boekrol opgeteken en dit gestuur

***9:12 Wat ... gegee word:** EstGr 5:3,6; 7:2

^m**9:13 hang:** Die oortreders is waarskynlik gedood, daarna is hulle arms en bene gebreek voordat 'n skerp paal in die buik en borsholte van die lyk gesteek en dan in die grond geplant is.

***9:14** EstGr 7:10; 8:12r; 9:10

ⁿ**9:19 feesdag:** Die Purimfees is gevier op 14 en 15 Adar ter herdenking aan die gebeure wat in Est 9:20-32 en hier beskryf word; •Feeste.

na die Judeërs^o wat in Artaxerxes^p se koninkryk was, of hulle naby was of ver, ²¹ om hierdie dae as feesdae te bevestig, en om die veertiende en vyftiende dae van Adar^{q*} te vier, ²² omdat die Judeërs op hierdie dae rus gekry het van hulle vyande, en om die maand Adar, waarin hulle rou in blydskap en hulle hartseer in 'n feesdag verander is, in sy geheel met troues en feeste te vier, en om porsies voedsel vir hulle vriende en vir die armes te stuur. ²³ En die Judeërs het dit wat Mordegai gestuur het, verwelkom. ²⁴ Hy het geskryf hoe Haman, die seun van Hammedata, die Macedoniër, teen hulle geveg het, in so 'n mate dat hy 'n bevelskrif* uitgevaardig en die lot gewerp het om hulle uit te roei, ²⁵ en dat hy na die koning gegaan het met die versoek om Mordegai op te hang.^r Maar al die leed wat hy probeer het om die Judeërs aan te doen, het op hom neergekom en hy en sy seuns is gehang. ²⁶ Daarom is hierdie dae Purim^s genoem op grond van die lot, want in hulle taal word die lot Pur genoem. Op grond van hierdie brief se inhoud, en alles wat hulle gely het en alles wat as gevolg hiervan met hulle gebeur het, ²⁷ het die Judeërs dit toe vir hulleself ingestel en aanvaar vir hulle nageslag, en vir dié wat by hulle gevoeg sou word, naamlik dat hulle die maand nie anders sal gebruik nie, en dat hierdie dae gedenkdae is wat gevier sal word van geslag tot geslag in elke stad en familie en gebied, ²⁸ en dat

^o9:20 **Judeërs:** Vgl voetnoot by EstGr 9:2.

^p9:20 **Artaxerxes:** In die •Septuagint staan Xerxes I (485 tot 465 vC) bekend as Artaxerxes. Xerxes is die Griekse vorm van die bekende Hebreeuse naam •Ahasveros; vgl Est 1:1.

^q9:21 **Adar:** Vgl voetnoot by EstGr 9:1.

*9:21 **14de ... Adar:** EstGr 9:1

*9:24 **bevelskrif:** EstGr 3:13a-g

^r9:25 **hang:** Vgl voetnoot by EstGr 9:13.

^s9:26 **Purim:** Die •bronteks lui *Frourai* wat die vergriekste vorm van die Hebreeuse *Purim* is.

hierdie dae van die Purim vir altyd gevier sal word en dat die herinnering daaraan beslis nooit uit die geslagte sal verdwyn nie.

²⁹ Koningin Ester, die dogter van Amminadab, en Mordegai, die Judeër, het alles neergeskryf wat hulle gedoen het en die brief aangaande die Purim* bekragtig.^t ³¹ Mordegai en koningin Ester het dit self ingestel, op hulle eie gesag, en ten koste van hulle eie welsyn en teen hulle bedoeling in,^u dit laat instel. ³² Ester het dit deur 'n bevel vir altyd ingestel en dit is ter herinnering neergeskryf.

10

Artaxerxes se opvolger

¹ Die koning^v het belastings vir sy koninkryk op land en op see voorgeskryf. ² En wat sy mag en dapperheid en die rykdom en roem van sy koninkryk betref, kyk, dit staan alles ter nagedagtenis geskryf in die •boekrol van die konings van die Perse en die Meders. ³ Mordegai* het koning Artaxerxes^w opgevolg. Hy was 'n vername man in die koninkryk en is deur die Judeërs^x vereer. Hy was geliefd en het vir sy hele volk in besonderhede van sy optrede vertel.

***9:29 brief ... Purim:** EstGr 10:3l

^t**9:29 bekragtig:** EstGr 9:30 ontbreek hierna in die belangrikste Griekse mss.

^u**9:31 ten koste ... bedoeling in:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal as “ooreenkomstig hulle eie welsyn en bedoeling”.

^v**10:1 koning:** Artaxerxes; EstGr 10:3.

***10:3 Mordegai:** EstGr 1:1a

^w**10:3 Artaxerxes:** In die •Septuagint staan Xerxes I (485 tot 465 vC) bekend as Artaxerxes. Xerxes is die Griekse vorm van die bekende Hebreeuse naam •Ahasveros; vgl Est 1:1.

^x**10:3 Judeërs:** Inwoners van Juda wat in ballingskap weggevoer is.

Verklaring van Mordegai se droom

^{3a} yEn Mordegai het gesê: “Hierdie dinge kom van God, ^{3b} want ek het die droom onthou wat ek hieroor gehad het. En nie 'n woord daarvan het on vervuld gebly nie: ^{3c} die fonteintjie wat 'n rivier geword het, en die lig en son en die baie water wat daar was. Die rivier is Ester, met wie die koning getrou het en vir wie hy koningin gemaak het. ^{3d} Die twee drake is ek en Haman.* ^{3e} Die nasies is dié wat saamgespan het om die naam van die Judeërs^z uit te wis. ^{3f} My volk, dit is Israel, het tot God geroep en is verlos. Die Here het sy volk verlos, die Here het ons gered van al hierdie rampe, en God het tekens en groot wonders gedoen wat nie onder die nasies plaasgevind het nie. ^{3g} Daarom het Hy twee lotsbestemmings bepaal: een vir die volk van God en een vir al die nasies. ^{3h} Hierdie twee lotsbestemmings het aangebreek op die uur en die besondere tyd en dag van oordeel voor God en onder al die nasies. ³ⁱ God het sy volk onthou en het reg laat geskied aan sy erfdeel. ^{3k} *Hierdie dae moet in die maand Adar,^a op die veertiende en vyftiende* van dieselfde maand, voor God onder sy volk gedenk word, van geslag tot geslag vir altyd, met samekomste vol blydschap en vreugde onder sy volk Israel.”

^y**10:3a-l** Hierdie gedeelte (in sommige vertalings “Toevoeging F”) is ingevoeg ná Est 10:3; vgl EstGr 1:1d-k.

***10:3d Haman:** EstGr 1:1r; 1:10; 3:1; 9:10

^z**10:3e Judeërs:** Vgl voetnoot by EstGr 10:3.

***10:3k** Est 9:20-22

^a**10:3k Adar:** Die twaalfde maand, Februarie of Maart (Est 3:7); •Maande.

***10:3k maand Adar ... 15de:** EstGr 3:7; 13f; 8:12s; 9:1,15,21

Slotopmerking

^{3l} Tydens die vierde regeringsjaar van Ptolemeus^b en Cleopatra^c het Dositheus, wat gesê het dat hy 'n priester en Leviet was, en sy seun Ptolemeus die voorafgaande brief oor die Purim^{d*} onder die aandag gebring. Hulle het gesê dat dit eg was en dat Lisimagus, die seun van Ptolemeus, 'n inwoner van Jerusalem, dit vertaal het.

^b**10:3l Ptolemeus:** Dit is waarskynlik Ptolemeus VIII van Egipte; sy vierde regeringsjaar was waarskynlik 114 vC.

^c**10:3l Cleopatra:** Cleopatra III Thea, toe ongeveer 15 jaar oud, nie te verwar met Cleopatra VII, wat ten tye van Caesar en Antonius geleef het nie. Sy trou later met Demetrius II, en nog later met sy broer Antiochus VII, vgl 1 Mak 10:57.

^d**10:3l Purim:** Die Purimfees is gevier op 14 en 15 Adar ter herdenking aan die gebeure wat in die boek Ester beskryf word; •Feeste.

***10:3l brief ... Purim:** EstGr 9:29